12 Mei 2017

Geagte Ouers

Ons stel graag aan u die finale Junie-eksamenrooster vir gr. 8 tot gr. 12 beskikbaar, sodat u in staat gestel kan word om die nodige begeleiding en steun tuis aan u kind te gee. Die amptelike hersieningsprogram sal deur elke departement afsonderlik gereël word.

Ons wil u graag vriendelik versoek om ons in hierdie taak te steun deur die vordering van u kind aan die hand van die hersieningsprogram te monitor en u kind aan te moedig.

'n Tydskedule wat die begin van elke sessie aandui, sal afsonderlik vir elke leerder deur die graadhoofde gegee word.

Die eksamentye strek vanaf Donderdag, 1 Junie 2017 en die leerders skryf tot en met Donderdag, 29 Junie 2017.

<u>Let wel</u>: Vrydag, 26 Mei en Maandag, 29 Mei is gewone skooldae en die eksamen begin amptelik Donderdag, 1 Junie.

Slegs 'n doktersertifikaat sal as wettige verskoning aanvaar word indien 'n leerder nie vir 'n eksamenvraestel opdaag nie. Geen ander reëlings kan buite die eksamenrooster getref word nie.

Dit is baie belangrik dat die leerders ook tydens die eksamen netjies en volgens die skoolreëls geklee sal wees en ons glo dat ons in dié verband op u samewerking kan staatmaak.

Vriendelike groete.

_____ _____

R.H. BRAND **W.C.J. BURGER**
EKSAMENORGANISEERDER **HOOF**